# KERK EN BELYDENIS
# ONS BLOEDLOSE MARTELAARSKAP

29 September 2015
GJ Meijer

***Inleiding***

- Daar is vanaand baie gesê oor belydenis en martelaarskap.
- Gelowiges het hulle lewe afgelê vir die belydenis dat Jesus die Christus is.
- Daar het baie bloed gevloei.
- Daarvan lees ons in die Skrif, reeds vanaf Genesis 4:10 waar Abel se bloed vanaf die aarde om vergelding roep (vgl. Matt. 23:35).
- Die bloedspoor loop dwarsdeur die kerkgeskiedenis.
- Met hierdie aanbieding wil ek die aandag vestig op gelowiges wat aan die belydenis vashou, daarvoor opstaan, daaruit leef en daarin sterf – sonder dat daar bloed vloei.
- Bes moontlik is die bloedlose martelaarskap meer volop en meer intens as die bloedige martelaarskap.
- Satan se subtiele aanslag op die kerk van Christus is dikwels erger as sy brutale harde aanslag.
    - Die bloed van die martelare is die saad van die kerk – harde vervolging lei tot kerkgroei.
    - Hoe staan dit met die bloedlose vervolging van die kerk – lei dit ook tot geloof- en kerkgroei?

***Begrippe waarmee ons werk***

- **Belydenis**
    - *homologeo* = nasê, agternasê, sê wat die Here in sy Woord sê
    - in die Skrif vind ons talle belydenisse
    - Petrus: U is die Christus, die Seun van die lewende God (Matt. 16:16)
    - Die inhoud van die belydenisse trek saam in God Drie-enig, in die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus (Doekes:8)
    - Om te bely is vir die gelowige onontbeerlik
    - Rom. 10:9,10 – "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart =glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word, want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding"
    - Belydenis is baie persoonlik: As *jy* moet met *jou* mond die Here Jesus bely
    - Tegelyk is dit baie gemeenskaplik, kerklik, ekumenies: met die mond bely *ons* tot redding

- **Simbole, belydenisskrifte**
    - 'n Simbool is 'n kenteken of legitimasiebewys, 'n kenmerk, 'n herkenningsteken wat jou van ander onderskei (Doekes:1)
    - In die vroegste kerke was die simbool die doop
    - Die doop is deur 'n belydenis voorafgegaan (Sinode Arles, 314 n.C.)
    - Die belydenis by die doop fokus op geloof in God Drie-enig
    - Die belydenis is 'n amen van die kerk op God se geopenbaarde Woord (Doekes:4)
    - So ontwikkel die simbole, die belydenisskrifte van die kerk as getuienisse van ons algemene, ongetwyfelde Christelike geloof
- **Dogma**
    - Leer van die kerk, amptelik vasgestel deur kerklike vergaderinge
    - Inhoud van die leer, die *dogma*, is direk aan die Skrif ontleen (Berkhof:16)
    - In die Bybel kry ons reeds te doen met die begrip dogma (bv. Hand. 16:4 – besluite van die vergadering in Jerusalem), soms word dit ook onderrig genoem (*didaskalia* – 1 Tim 4:16 Let op jouself en die leer)
    - Dogma is die vrug van menslike denke oor die Skrif en daarom altyd aan die Skrif toetsbaar
    - Dit is formeel gesagvol omdat die kerke dit aanvaar het
    - Dit is materieel gesagvol omdat dit op die Skrif berus
- **Belydenis en Dogma**
    - Die twee sluit perfek by mekaar aan
    - Inhoudelik is dit dieselfde, selfde Woord, selfde God, selfde verlossing in Christus, selfde kragtige werking van die Heilige Gees
    - Dit wat die kerk van Christus leer (dogma), dit bely ons (homologeo)
    - Die leer is die grondige besinning oor God se geopenbaarde wil
    - Die belydenis is 'n kort nasê van God se Woord, 'n credo waarmee ons in hierdie wêreld staan en sê wie ons is – ons onderskeidingsteken

***Slagveld***

- Deur die loop van die eeue het die kerk van Christus tot belydenis gekom
    - Die neerslag daarvan vind ons agter in ons Psalmboek
    - Drie ekumeniese belydenisskrifte, drie formuliere van Enigheid
    - Maar wat gebeur?
    - Die belydenis van die kerk van Christus kom in die spervuur
    - Op verskillende maniere
- Sommige bepleit 'n **kerk sonder belydenis en sonder dogma** – ons het net die Bybel nodig
    - Argument: dogma en belydenis is mensgemaak en dryf mense uitmekaar
    - Gaan nie nou breedvoerig daarop in nie

    - Die argument getuig van onkunde, asof die Skrif nie self dogma en belydenis bevat nie
    - Buitendien is die argument teenstrydig met homself, aangesien dit in homself 'n belydenis is – die sg. belydenislose kerk is 'n groepering waarin mense hulle eie denke oor die Skrif op die voorgrond plaas.
- Ander bepleit 'n kerk met **'n immer veranderende belydenis**
    - Bestaande belydenisse word as oudtyds en irrelevant afgemaak
    - Dordtse Leerreëls is uitgediende, Dorre Leerreëls
    - Nuwe tye, nuwe vrae, nuwe uitdagings, nuwe belydenisse
    - Asof God se woord nie altyd en orals ewe geldend is nie
    - Asof die waarheid nou eers ontdek word
    - Asof daar werklik iets nuuts onder die son is en Prediker al die tyd verkeerd was
- Daar is ook 'n breë beweging om die belydenis van **die kerk te bevraagteken**
    - Dit begin by die belydenis oor die Skrif – Art 2 tot 7 NGB, die inspirasie, gesag, onfeilbaarheid van die Skrif
    - Dit vloei voort na elke onderdeel van dit wat ons glo
    - Op hierdie punt is die stryd op die slagveld bloedig, al vloei daar dalk geen bloed nie

***Die stryd om die Skrif***

- In sy boek “Perspektiewe op die Bybel – God se Woord in mensetaal” (1998) maak prof. Izak Spangenberg duidelik hoe daar 'n paradigmaverskuiwing in die Bybelwetenskappe gekom het (p 28, 51).
    - In die tyd van die Hervorming is die Bybel as die Woord van God bely en aanvaar.
    - Toe kom die Kopernikaanse en Cartesiaanse omwentelings, die tyd van die Verligting, die omwenteling in die mens se historiese denke. Die Bybel word gesien as God se Woord in mensetaal (18e en 19e eeu).
    - Gedurende die 20e eeu ontwikkel die moderne literatuurwetenskap en die Bybel word gesien en bestudeer as Woorde oor God.
    - Die verskuiwing is duidelik en ingrypend. Woord van God – God se Woord in mensetaal – Woorde oor God.
    - Hoe beskou prof. Spangenberg die Skrif? Die Skrif is uit verskillende bronne saamgestel (4-bronne hipotese, p. 44). Gevolgtrekking: die Bybel is woorde van mense oor God. Jona is 'n kortverhaal met 'n goeie dosis satire (p 70), Daniël is 'n volksvertelling (p 99), Rut is 'n kortverhaal oor uitsigloosheid en hoop (p 126) en Prediker is 'n filosofiese werk wat ons help om te besin oor die lewe en oor ons ervaring daarvan (p 126).

- Enkele jare voor prof. Spangenberg het prof. Ferdinand Deist soortgelyke geluide oor die Skrif gemaak.
    - In sy boekie “Sê God so?” (1982) skryf hy: “Ons het dus hier (in die Bybel - GJM) te make met 'n baie fragmentariese bundel getuienis van mense wat in hulle omstandighede gesoek het na die waarheid omtrent hulle lewe en omtrent God” (p 48).
    - In “Kan ons die Bybel dan nog glo?” (1986) herhaal hy sy standpunt: Die Bybel bestaan uit menslike getuienisse wat nie meganieserwyse Godswoorde *is* nie. As 'n mens 'n getuie aanhoor, moet jy sy hele storie aanhoor ... (p 73).
    - Gevolglik is Skrifberoep nie 'n outoritêre bewys nie, maar 'n verwysing ... 'n nederige beroep, 'n relatiewe beroep wat sê: Kom ons praat daaroor” (Sê God so? p 54)

- In dieselfde jaar as prof. Spangenberg skryf dr. Willem de Klerk die volgende oor die Skrif:
    - “Ons sien 'n glimp van God in die Bybel. Dit is loergaatjies na God... Dis 'n boek vol getuienisse oor Hom... Die klein bietjie wat ons van Hom deur die loergaatjie van die Bybel te weet kom, is duidelik genoeg aanwysers van ho ons Hom moet dien en wat die weg van saligheid is.” (Die vreemde God en sy mense, 1998:40).

***Die stryd om die belydenis***

**Prof HM Kuitert**

- Prof Harry Kuitert van die Vrije Universiteit Amsterdam skryf in 1991 'n boek met die veelseggende titel “Het algemene betwijfeld christelijk geloof – een herziening”. Die boek het vanaf Februarie 1992 tot Mei 1992 agt drukke beleef – 'n blitsverkoper in Nederland.
- Prof. Kuitert noem drie redes waarom hy so 'n boek skryf (1991:13)
    - Verwarring: christelike geloofsartikels is nog op die rak van die supermark beskikbaar, maar daar is intussen baie ander artikels op dieselfde rak. Die publiek is verwar tussen al die keuses.
    - Angs: Die sekerheid van die geloof het plek gemaak vir “Ek is nie meer so seker nie”.
    - Irritasie: ek brand my vingers aan geloof, ek kry nie regte antwoorde nie.
- Wat bied Kuitert? Hy bied 'n hersiening van die geloofstukke soos bely in die Apostolicum aan. Hy noem dit 'n hersiening van die “christelike geloofstradisie”.

- Vertrekpunte:
    - Dit is onmoontlik om kerk en geloofstradisie van mekaar te onderskei.
    - As jy aan die kerk 'n renons het, het jy dit ook aan die geloofstradisie (p. 16)

- Geloofstradisie het te doen met 'n neerslag van menslike ervaringe wat oor geslagte heen gegroei het (p 20). Geloof berus nie op kennis van die openbaring van Bo nie (p. 29). “Alles wat wij over boven zeggen, komt van beneden” (p. 23).
- Alle geloofstradisies het 'n element van die waarheid beet. Geloofstradisies het dieselfde papiere. Hulle vul die papiere vanuit hulle eie ervaringsagtergrond hulle besef van God in (p. 25)
- Daar is christelike waarhede oor God. Maar daardie waarhede het nie uit die hemel geval nie. Dit is waarhede wat van mense afkomstig is en deur mense geformuleer is. “Selfs die feit dat hulle in die Bybel voorkom maak hulle nie gesaghebbend nie, want dat die Bybel gesag sou kon verleen is self weer 'n geloofsopvatting wat geen waarborg ken nie” (p. 30).
- Christelike waarheid is geen absolute waarheid nie, dit is vir verbetering vatbaar, dit kan op wesenlike teenspraak stuit ... christene moenie fundamentaliste word nie” (p 31).

- Kuitert werk sterk met die begrip metafoor
- 'n Metafoor is
  - Om bekende gegewens in 'n oordragtelike sin te gebruik
  - Dit word op iets of iemand oorgedra
  - Daarmee word die iets of iemand se karakteristieke gegewens weergegee
- “Ek glo in God die Vader” is 'n metafoor (p 37)
  - Wat beteken dit volgens Kuitert? Dit berus op behoefte van die mens aan 'n Vader (p 49). Soos wat ons menslike vaders het, het ons 'n hemelse Vader (p 59).
- Die skepping is ook 'n metafoor. “Die skepping is nie 'n gebeurtenis uit die verlede nie, maar een kensketsing van ons werklikheid: hoe stel ons onsself die aanwesigheid van die Skepper in sy schlepping voor?” (p. 75) God skep deur ewolusie (p 76).
- Erfsonde is onsin (p. 89)
- God is op 'n unieke manier in Jesus aanwesig (p. 139).
  - Jesus is nie God self nie, maar tog wel soveel God dat ons van God se Seun kan praat, selfs sy eniggebore Seun. Dis weer 'n metafoor.
  - God het nie 'n seun soos wat ons mense seuns het nie.
  - Eniggebore dui op 'n unieke verhouding, vir 'n plek wat jy niet vir een iemand reserveer.
  - Daar is dus geen vleeswording van God se Seun nie.
  - Christus het nie twee nature nie (p 134-138).
  - Jesus was wel 'n baie besondere mens.
- Oor Christus se opstanding uit die dood plaas Kuitert ’n groot vraagteken. Ook dit word as metafories beskou (p 163vv). Daar kan geen liggaamlik opstanding wees

nie. Paulus sê dan self dat die liggaam soos 'n koringkorrel geplant word. Daar bly niks van die korrel oor nie.

- Die belydenis oor die wederopstanding van die vlees is 'n terminologiese teenspraak (p 166). Jy kan nie opstaan en weer opstaan nie.
- Ook oor die laaste oordeel (p 172 vv), Goddelik uitverkiesing en verwerping ( p 186 vv) en die sakramente (p. 216 vv) stel Kuitert uiters kritiese vrae.
- Oor Woordverkondiging sê hy: "Preek is nie 'ons kom die Here Jesus bring nie', maar preek is om saam met die luisteraars na te gaan wat hulle tradisies beteken in 'n veranderende wêreld" (p. 215)
- Sending: "Wie homself nie kan relativeer nie, kan geen sending of missie bedryf nie ... Gesprek geskied op die basis van gelykheid, dit vra vir wederkerigheid wat meer inhou as 'n truuk om de ander persoon se oor te vang." (p 215)

**Prof. Andries van Aarde**

- In 2001 verskyn prof. van Aarde se boek "Fatherless in Galilee".
  - Sy studie fokus op navorsing oor die historiese Jesus van Nasaret, die geloof in Christus en hoe dit tot die ontstaan van die Christelike kerk gelei het. Hy maak 'n skerp onderskeid tussen die historiese Jesus (die persoon wat in Nasarte geleef het) en die kerugmatiese Christus (dit wat die kerk van Hom gemaak het).
  - Hy beskryf hoe verskillende strominge in Ou Israel Jesus beleef het en by die sg. Christus-teologie uitgekom het.
- Van Aarde kom met sy studie tot die bevinding en slotsom dat Josef, die vader van Jesus, as 'n legendaries figuur gesien moet word (p. 205)
  - Jesus self het dus vaderloos in die antieke Galilea grootgeword.
  - Om vaderloos te wees was negatief en het gemaak dat 'n stigma aan jou kleef.
  - Wat doen Jesus toe? Hy vertrou op God as Vader.
  - Van Aarde beskryf dat die mite van 'n afwesige vader en die aanneem van God as Vader meermale in die Grieks-Semitiese leefwêreld voorgekom het. So het die Griekse God Zeus ook vaderlose kinders as kind aangeneem.
  - Wat het dus met Jesus gebeur? In sy bediening het hy op "vaderlose" kinders en "patriarglose" vroue gekonsentreer.
- Hierdie bediening het volgens Van Aarde baie vir ons tyd te sê, met die enorme sosiale probleme waar miljoene kinders sonder pa's grootword. Ons kan na die historiese Jesus kyk as 'n model om ons probleme aan te spreek, aangesien die historiese Jesus die leegheid van vaderloosheid gevul het met sy geloof in God as vader.

**NG kerk - die Apostoliese Geloofsbelydenis, ’n eietydse uitleg**

- Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Veremarksaal, Port Elizabeth Sondag 6 tot Donderdag 10 Oktober 2013
    - 'n Lywige dokument van ongeveer 250 pp
    - By elke artikel van die Apostolicum word drie vrae behandel:
        - Waar kom hierdie belydenis vandaan?
        - Hoe is hierdie belydenis deur die eeue verstaan?
        - Vrae rondom die betekenis van die belydenis vir vandag

- **Insake God die Vader (art. 72)**
    - ’n Mens kan daaraan vashou dat God die Vader inderdaad manlik is. Dit is die enigste Naam wat aan ons gegee is en ons kan dit nie verander bloot as gevolg van die tydsgees nie. Maar beteken ons woord “Vader” nog dieselfde as wat dit in Bybelse tye beteken het? Om dieselfde woorde te gebruik, is geen waarborg dat die betekenis onveranderd bly nie.
    - God is net so goed vroulik as manlik. Die Bybel praat immers van beelde soos ’n hen wat haar kuikens onder haar vlerke versamel (Matt 23:37) en God wat ons aan haar bors vasdruk (Jes 49:15). God is dus ook die Moeder van alles wat lewe. Maar word God ooit direk as Moeder in die Bybel aangespreek?
    - Dit is dalk beter om van God as sorgende Ouer te praat om aan te dui dat biologiese geslag glad nie belangrik is vir ons verstaan van God nie. Dalk moet ons dink aan God in terme van ons voorouers in die gees, eerder as na liggaam? Of dalk kan ons die name “Vader” en “Moeder” afwisselend gebruik?
    - Dit is dalk beter om glad nie aan God as ’n persoon net soos ons te dink nie. God het nie ’n liggaam nie en ook nie ’n geslagtelike identiteit nie. Maar is God dan tog nog persoonlik? Kan ons met ’n “ewige, onbegryplike wese” praat en tot só ’n God bid?

- **Insake die Skepping (art. 90 en 106)**
    - In die Bybel word die opvatting dat die wêreld van God as Skepper afkomstig is min of meer as vanselfsprekend aanvaar. Die twee skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 is miskien die bekendste... Die klem val eerder op Wie geskep het en daarvoor vereer moet word, wat die karakter van die Skepper is en wat die betekenis daarvan in ’n spesifieke situasie is.
    - Kom ons kyk kortliks na Genesis 1 as voorbeeld. Die meeste Bybelkenners meen dat hierdie eerste hoofstuk van Genesis (anders as Genesis 2 wat uit ’n vroeër tyd kom) deur priesters in die tyd van die Babiloniese ballingskap geskryf, of ten minste afgerond, is. Na die verwoesting van Jerusalem sou hulle waarskynlik met reg kon wonder: Hoekom het God dan nie die ramp voorkom

nie? Die stad was verwoes, die tempel (God se huis) was platgevee en die stabiele koningshuis van Dawid was daarmee heen. Daar was orals chaos. Nou, hier in Babel, het hulle met Mesopotamiese godsdienste te doene gekry – die godsdienste van diegene wat hulle oorwin het. Die gevolgtrekking was waarskynlik vanselfsprekend en verleidelik: Marduk, die god van die Babiloniërs, moet dan klaarblyklik sterker as Jahwe, die God van Israel wees. Op die vraag of Marduk dalk die eintlike Skepper is, bevestig Joodse gelowiges nou egter: Elohim (God) is die Skepper van hemel en aarde, van die see en die land. Dit is uitgedruk in die kunstige gedig wat ons in Genesis 1 lees. Die boodskap was duidelik: God was van die begin af in beheer van die magte van chaos (gesimboliseer deur die watervloede van Mesopotamië). Dieselfde God is nou nog in beheer en kan die situasie waarin hulle nou verkeer daarom kreatief aanspreek en verander. Die moeilikheid waarin hulle as Godsvolk (Israel) beland het, was hulle eie skuld. God se skepping was goed, maar die land is vervuil deur hulle sonde – hulle ongehoorsaamheid. Die res van die geskiedskrywing in die Ou Testament, wat oor ’n lang tyd ontstaan het, verduidelik dit dan verder.

- Genesis 1 is inderdaad nie bedoel om wetenskap soos ons dit vandag verstaan te bied nie. *’n Mens kan nietemin sê dat die priesters wat dit geskryf het van die beste beskikbare kennis van hulle dag gebruik gemaak het om ’n verhaal te vertel wat aandui hoedat die God van Israel (Elohim) – en nie Marduk, die god van Babel nie – orde uit chaos tot stand gebring het, sodat die aarde vrugbaar kan wees en floreer.* Hulle boodskap was gemik daarop om die bannelinge te bemoedig. God is steeds in beheer, al lyk dit nie aldag so nie. *Indien ons soos hulle getrou wil bly aan hierdie boodskap sal ons in ons gesprekke rekening moet hou met die beste beskikbare kennis van ons dag as ons dieselfde punt wil probeer maak.*

- **Jesus Christus, die Eniggebore Seun van God (art 177)**
  - Daar word baie gesê oor die verskillende benadering t.o.v. die geboorte van Christus – was dit werklik uit die maagd Maria, al dan nie. Die dokument kom tot die volgende slotsom:
  - “Kortom, alhoewel al hierdie betekenisse, implikasies en gevolgtrekkings nie in die bondige uitdrukking van die Apostoliese Geloofsbelydenis self verwoord word nie, is dit volgens hierdie uitlegtradisies die dieper motiewe wat daarin geïmpliseer word en die rede waarom dit daar bely word – dit getuig van God se genadige en vrymagtige inisiatief; die wonder dien as bewys van Gods mag en werking; die rol van Maria demonstreer aan ons die aard van ware navolging en die barmhartige geregtigheid van God; die vleeswording demonstreer aan ons die oneindige waarde en waardigheid van Gods mense en die ele skepping; die geboorte is reeds die begin van sy weg van lyding en oorgawe; dié geboorte toon

hoe God waarlik teenwoordig en aan die werk is in die ganse lewe en bediening van Jesus; sy geboorte getuig reeds dat Hy die Middelaar is tussen God en mens. *Nie alle gemeenskappe binne die Christelike kerk van die eeue vind al hierdie uitlegtradisies ewe oortuigend en betekenisvol nie, maar almal beroep hulle wel op dieselfde bondige uitdrukking in die Apostoliese Geloofsbelydenis om hierdie veelvoud van betekenisse deur die geskiedenis daaraan te ontleen"*.

**So lyk die slagveld**

- Vanaf kritiek op die Skrif kom daar kritiek op die belydenis
- Uiteindelik: die belydenis van die kerk, wat vas en seker is word ondergrawe
- Die etiket word omgehang dat 'n mens fundamentalis is, verouderde sienings aanhang, nie behoorlik kennis neem van die nuwe ontwikkelinge nie, nie oopstaan vir gesprek nie, eiesinnig is
- Spangenberg (1998:134): "Wie verouderde sienings en uitlegmetodes verabsoluteer en dit as die enigste korrekte klassifiseer, mag wel meen dat hulle besig is om God se eer te verdedig, maar later vind dat hulle self brandhout aangedra het na die brandstapel."
- Vreemd: wie word nou aangeval, wie word beroof van sy sekerheid, wie word die martelaar?

**Desondanks**

- Dit is van die grootste belang dat ons die geloof wat ons bely, soos dit in de konfessie vervat is, ons eie maak.
- Die belydenis is geput uit en veranker in die Skrifte.
- Hierdie belydenis moet ons onsself toeëien as die Bybelse uitdrukking van die ware geloof
- Dit is nie iets om skaam voor te wees nie, inteendeel!
- Die belydenis is iets wat ons graag met ander wil deel
- As ons self die ou goud na waarde skat, kan ons dit vir ander ander ook van harte aanprys.
- Ons moet altyd bereid wees tot verantwoording van de hoop wat in ons is.
    - Toe Kohlbrugge op sy sterfbed gelê het, het hy gesê: 'Die Heidelberger, die eenvoudige Heidelberger, hou daaraan vas, kinders.' Dit was vir hom die belydenis van die Bybelse geloof.
    - Dieselfde kan gesê word van die verantwoording van Guido de Brès, gegewe in 'n tyd van vervolging, gevaar en swaard: die Nederlandse Geloofsbelydenis.
    - En niks minder geld dit vir die lofsang van Dordt op God se soewereine genade.
- Wie die taal van de Skrif in die belydenis gehoor en verstaan het, sal dit van harte naspreek.
- Ons sal die geloof vrymoedig proklameer, in plaas van wankelmoedig relativeer of oor en oor belydenisse interpreteer.
- Ons sal met vrymoedigheid nasê wat God vir ons in sy Woord voorsê.

**Literatuurlys**

Berkhof, L. 1978. The history of Christian doctrines. Pennsylvania: Banner of Truth Trust. 285 p.

Bremmer, RH. sj. ’Arcke Gods. In Woord en No. 4. no. 4. Goes: Uitgave van het Comité tot verspreiding van goedkoope Geref. Lectuur. 21 p.

De Klerk, W. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad: Human en Rossouw. 160 p.

De Vries, WG. 1995. Kerk en confessie. Woord en Wereld nr 29. Bedum: Woord en Wereld. 72 p.

Deist, F. Sê God so? Protes en pleidooi – oor óns tyd, vir óns land. Kaapstad: Tafelberg. 77 p.

Deist, F. 1986. Kan ons die Bybel dan nog glo? Onderweg na 'n Gereformeerde Skrifbeskouing. Pretoria: Van Schaik. 129 p.

Doekes, L. 1979. Credo. Handboek voor de Gereformeerde Symboliek. Amsterdam: Ton Bolland. 428 p.

Faber, J. 1990. Essays in Reformed Doctrine. Alberta: Inheritance Publications. 302p.

Kuitert, HM. 1992. Het algemeen betwijfeld christelijk geloof. Een herziening. Baarn: Ten Have. 300 p.

Spangenberg, I. 1998. Perspektiewe op die Bybel. God se Woord in mensetaal. Pretoria: Van Schaik. 137 p.

Te Velde, M (red). 2009. Confessies. Gereformeerde geloofsverantwoording in zestiende-eeuws Europa. Heerenveen: Groen 606p.

Van Aarde, A. 2001. Fatherless in Galilee. Jesus as Child of God. Harrisburg: Trinity Press. 246 p.

Wessels, F. 2007. Wie was Jesus regtig? Oor die historiese Jesus. Wellington: Lux Verbi.BM. 312 p.